Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2025

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye
en 'n addendum van 14 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND: 1900–1940

   VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA:1900–1940

   VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT $19^{DE}$ EN $20^{STE}$ EEU

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND: 1900–1940

   VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA:1900–1940

   VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT $19^{DE}$ EN $20^{STE}$ EEUE

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet ŉ brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE INSTELLING VAN DIE NEB 'N VERSKUIWING IN BOLSJEWISTIESE DENKE VERTEENWOORDIG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Wanneer, volgens die bron, is die Nuwe Ekonomiese Beleid ingestel? (1 x 1) (1)

1.1.2 Definieer die term *Burgeroorlog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Hoekom volgens die bron, het Lenin ŉ nuwe benadering gevolg? (3 x 1) (3)

1.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die instelling van die belasting-in-natura as die ruggraat van die NEB beskou is. (2 x 2) (4)

1.1.5 Lewer kommentaar oor waarom Lenin daarop aangedring het dat die NEB "ernstig en vir ŉ lang tyd" nagestreef moes word. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Definieer die term *belasting-in-natura* in die konteks van die Nuwe Ekonomiese Beleid. (1 x 2) (2)

1.2.2 Waarom, volgens die bron, het die land gou ŉ hongersnood in die gesig gestaar? (2 x 1) (2)

1.2.3 Haal bewyse uit die bron aan wat toon dat die kleinboere geweet het hoeveel die vaste belasting sou wees. (1 x 2) (2)

1.2.4 Verduidelik wat Lenin bedoel het toe hy gesê het: "Die boere sal nou met groter selfvertroue en met ŉ wilskrag op hul plase begin werk". (2 x 2) (4)

1.2.5 Deur die inligting in die bron en jou eie kennis te gebruik, verduidelik waarom Lenin geglo het dat die Nuwe Ekonomiese Beleid die boere in ag moes neem. (2 x 2) (4)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die boodskap wat in die foto oorgedra word. (1 x 2) (2)

1.3.2 Hoe, dink jy, het suiwer kommuniste op foto's soos hierdie gereageer? (1 x 2) (2)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Watter twee gesloopte stelsels het Lenin geglo het die fondament van die nuwe sosialistiese stelsel gevorm? (2 x 1) (2)

1.4.2 Wat, volgens die bron, het Lenin geglo was noodsaaklik in 'n revolusie? (2 x 1) (2)

1.4.3 Waarom dink jy het Lenin geglo dat "persoonlike aansporing (motivering) produksie sal verhoog"? (1 x 2) (2)

1.4.4 Wat word geïmpliseer deur Lenin se woorde, "Ongeag teen watter koste, ongeag hoe erg die ontberinge van die oorgangstydperk mag wees, ons sal nie terugdeins nie; ons sal triomfantlik ons saak na sy doelwit oor"? (1 x 2) (2)

1.4.5 Verduidelik die bruikbaarheid van die bron vir die geskiedkundige wat die redes vir die implementering van die Nuwe Ekonomiese Beleid ondersoek. (1 x 2) (2)

1.5 Bestudeer Bron 1B en Bron 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C ondersteun rakende hoe die implementering van die belasting-in-natura-beleid die kleinboere sou bevoordeel. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die instelling van die NEB Bolsjewistiese denke verteenwoordig het. (6)

**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 2: TOT WATTER MATE WAS DIE NUWE BEDELING SUKSESVOL IN DIE VERMINDERING VAN WERKLOOSHEID EN DIE STIMULERING VAN EKONOMIESE HERSTEL IN DIE VSA GEDURENDE DIE 1930's?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, het Roosevelt die Nuwe Bedeling van stapel gestuur? (1 x 2) (2)

2.1.2 Volgens die bron, hoeveel mense was, teen 1933 werkloos in Amerika? (1 x 2) (2)

2.1.3 Definieer die konsep *ekonomiese afswaai* in die konteks van die Amerikaanse ekonomie. (1 x 2) (2)

2.1.4 Verduidelik waarom plaasinkomste tussen 1932 en 1939 verdubbel het. (1 x 2) (2)

2.1.5 Verduidelik hoe 'n regeringsagentskap soos die Burgerlike Bewaringkorps (*Civilian Conservation Corps*) (CCC) die jongmense van Amerika sou bevoordeel het. (1 x 2) (2)

2.1.6 Lewer kommentaar op "Werklose mense van die stad het baat gevind, net soos die landelike gebiede wat deur die verbeteringswerke geraak is". (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Wat, volgens die bron, het Roosevelt en die Demokratiese meederhede in die Kongres gelewer? (2 x 1) (2)

2.2.2 Definieer die konsep *openbare werke* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.3 Lys twee probleme uit die bron wat Roosevelt se regering in die gesig gestaar het toe hulle plaaslike regerings toegelaat het om openbare werkeprogramme te bestuur. (2 x 1) (2)

2.2.4 Waarom dink jy het die Roosevelt-administrasie besluit om self werkers, vir projekte van alle soorte in alle state en gebiede aan te stel? (2 x 2) (4)

2.2.5 Wat word geïmpliseer deur die stelling "Hulle het krag gebring – elektries, weliswaar, maar daarmee saam politieke en simboliese mag na mense en dele van die land wat dit nog nooit tevore gehad het nie?" (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Vir wie, volgens die bron, het die Industriële Herstelprogram (Industrial Recovery Program) verligting gebring? (2 x 1) (2)

2.3.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat werkers in diens beter daaraan toe was tydens die Nuwe Bedeling. (1 x 2) (2)

2.3.3 Verduidelik wat Roosevelt bedoel het met: "die winste van handel en nywerheid, as 'n geheel, was aansienlik". (1 x 2) (2)

2.3.4 Lewer kommentaar op die houding wat Roosevelt uitgespreek het teenoor die impak van die stakings. (1 x 2) (2)

2.3.5 Verduidelik of die bron betroubaar beskou sou word vir 'n geskiedkundige wat die nuwe bedeling ondersoek. (1 x 2) (2)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskap word in die foto oorgedra? (1 x 2) (2)

2.4.2 Wat dink jy het die Nasionele Sakekamer van Handel bedoel met "Minder Belasting – Meer Werksgeleenthede?" (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bron 2C en Bron 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C die inligting in Bron 2D rakende die ondersteuning van die Nuwe Bedeling weerspreek. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik in watter mate die Nuwe Bedeling werkloosheid verminder en ekonomiese herstel in die VSA gedurende die 1930's gestimuleer het. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: HOE HET DIE NUREMBERGWETTE TOT DIE SKEPPING VAN 'N RASGEBASEERDE NAZI-STAAT BYGEDRA?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Definieer die term *vervolging* in die konteks van die behandeling van die Jode in Nazi-Duitsland. (1 x 2) (2)

3.1.2 Volgens die bron, wat was die fokus van Nazi-rassisme tussen 1933 en 1934? (1 x 2) (2)

3.1.3 Hoe, volgens die bron, het die Nazi's die Jode geteiken onmiddellik nadat hulle mag oorgeneem het? (2 x 1) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar op "die doel was nou om hul biologiese segregasie te bewerkstellig deur 'n proses van 'wettige' diskriminasie". (1 x 2) (2)

3.1.5 Gebruik deur die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Nurembergwette ander rassegroepe beïnvloed het. (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, het die leiers van die Nazi-party tydens hul jaarlikse saamtrek op 15 September 1933 aangekondig? (1 x 2) (2)

3.2.2 Haal uit die bron aan die nuwe naam wat aan die Duitse vlag gegee was. (1 x 1) (1)

3.2.3 Watter wette, volgens Dodd, is by die Nurembergkongres aangeneem? (3 x 1) (3)

3.2.4 Verduidelik hoe die instelling van die Nurembergwette die wettige vervolging van die Jode moontlik gemaak het. (2 x 2) (4)

3.2.5 Verduidelik die betroubaarheid van die bron aan 'n geskiedkundige wat die instelling van die Nurembergwette ondersoek. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Definieer die konsep *anti-Semitisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.3.2 Haal bewyse uit die bron aan wat toon dat die Nazi-elite nie geglo het dat hulle enige teenkanting teen hul nuwe beleide sou ondervind nie. (2 x 1) (2)

3.3.3 Waarom dink jy was die dra van ŉ armband nadelig (skadelik) vir die Jode se vermoë om in die openbaar uit te gaan? (2 x 2) (4)

3.3.4 Wat word deur: "Die Nazi's het ŉ regstelsel korrupteer en dit in ŉ wapen van terreur verander" geïmpliseer? (1 x 2) (2)

3.3.5 Lewer kommentaar op: "die enigste antwoord was uitwissing as die finale oplossing vir die 'Joodse Vraag' ". (1 x 2) (2)

3.4 Bestudeer Bron 3D.

3.4.1 Verduidelik waarom Jode in Nazi-Duitsland gedwing is om sulke dokumente te dra. (2 x 2) (4)

3.4.2 Verduidelik hoe hierdie dokument die impak van die Neurenbergwette weerspieël. (1 x 2) (2)

3.5 Bestudeer Bron 3B en Bron 3C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3B deur die inligting in Bron 3C rakende die impak van die raswette op Jode wat in Nazi-Duitsland gewoon het, ondersteun word. (1 x 2) (2)

3.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis om ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) te skryf, om te verduidelik hoe die Nurenburgwette tot die skepping van ŉ rasgebaseerde Nazi-staat bygedra het. (6)

**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae, in hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ten minste DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900–1940: GEVALLESTUDIE – STALIN SE VYFJAARPLANNE

Bespreek krities die impak van Josef Stalin se Vyfjaarplanne op die transformasie van Rusland van 'n agterlike, gedeeltelik middeleeuse ekonomie na 'n modern industriële ekonomie.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou antwoord te staaf. **[50]**

### VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA 1900–1940

"Die Groot Depressie het 'n verwoestende ekonomiese en sosiale impak op die burgers van Amerika gehad.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou antwoord te staaf. **[50]**

### VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE 19$^{DE}$ EN 20$^{STE}$ EEU: GEVALLESTUDIE – HITLER EN DIE JODE

Tot watter mate het die Nazi-regime eugenetika en sosiale Darwanisme gebruik om beleide teen Jode en ander sogenaamde "ongewenstes" tussen 1933 en 1945 te regverdig en te implementeer?

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te staaf. **[50]**

**TOTAAL: 150**

.

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2025

# GESKIEDENIS V1 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## VRAAG 1: HOE HET DIE INSTELLING VAN DIE NEB ’N VERSKUIWING IN BOLSJEWISTIESE DENKE VERTEENWOORDIG?

### BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik die redes vir die instelling van die Nuwe Ekonomiese Beleid.

Die Nuwe Ekonomiese Beleid (NEB), wat deur Lenin by die Tiende Kongres van die Party in Maart 1921 bekendgestel is, het ’n groot afwyking van die party se vorige benadering tot die bestuur van die land verteenwoordig. Tydens die burgeroorlog het die Sowjetstaat verantwoordelikheid aanvaar vir die verkryging en herverdeling van graan en ander voedselsoorte van die platteland, die administrasie van beide klein - en grootskaalse nywerhede, en ’n magdom (’n klomp) ander ekonomiese aktiwiteite. Later (deur Lenin) “Oorlogskommunisme” gedoop (genoem), is hierdie benadering eintlik in die loop van 1920 uitgebrei, selfs na die nederlaag van die laaste van die Wit Beweging.

Baie het beweer dat Oorlogskommunisme ’n “groot sprong vorentoe” - mentaliteit onder die Bolsjewiste weerspieël het, maar desperaatheid om tekorte van alle soorte, en veral voedsel, te oorkom, lyk na ’n meer waarskynlike motief. In elk geval, die konteks van voortdurende stedelike ontvolking, stakings deur ontevrede werkers, boere-onrus en openlike rebellie onder die soldate en matrose wat op Kronstadt-eiland gestasioneer was, het Lenin gekies om ’n nuwe benadering te volg.

Die ruggraat van die NEB was die instelling van ’n belasting-in-goedere, vasgestel op vlakke aansienlik laer as dié van vorige aanvraagkowtas, wat boere toegelaat het on hul voedseloorskotte op die ope mark te verkoop. Hierdie toegewing aan die markkragte het gou tot die denasionalisering van kleinskaalse nywerhede en dienste gelei; die stigting van trusts vir die verskaffing van, finansiering en bemarking van die produkte van grootskaalse nywerhede; die stabilsering van die geldeenheid; en ander maatreëls, insluitend die toestaan van konsessies aan buitelandse beleggers, wat alles ontwerp was om die skakel (smychka) tussen stad en platteland te herstel. Lenin het na die NEB verwys as ’n terugtrekking van die staat na die “bevelhebberhoogtes van die ekonomie” (grootskaalse nywerheid, bankwese, buitelandse handel), en daarop aangedring dat dit “ernstig en vir ’n lang tyd” nagestreef moes word.

[Uit https://soviethistory.msu.edu/1921-2/the-new-economic-policy/. Toegang op 18 April 2025 verkry.]


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## BRON 1B

Die bron hieronder verduidelik hoe Lenin probeer het om die ekonomiese krisis in Rusland, wat deur Oorlogskommunisme veroorsaak is, op te los.

Op 25 April 1921 het Lenin die belasting-in-natura - beleid ingestel, wat die "oorskot voedseltoewysing" sou vervang, of die beleid wat 'n sekere hoeveelheid van die boere se produkte waarop die staat geregtig was, toegeken het. Die produkte wat ingesamel is, sou direk na die staat gaan en dan aan die res van die land versprei word om te verseker dat almal kos gehad het. Dit het teoreties na 'n geldige stelsel gelyk. Sodra dit egter in die praktyk toegepas is, het die land gou 'n hongersnood in die gesig gestaar as gevolg van die feit dat daar te veel mense en nie genoeg kos was nie. Die regering was hulpeloos om dit reg te stel.

Die belasting-in-natura-beleid, wat die surplus-voedseltoewysingstelsel met 'n vaste belasting sou vervang (waarvan die kleinboere vooraf in kennis gestel sou word), was egter bedoel om die laste wat Oorlogskommunisme op die boere geplaas het, te verlig en dus hul motivering om te werk te verbeter. Soos Lenin dit gestel het: "Die boere sal nou groter vertroue en met 'n wilskrag op hul plase begin werk, en dit is die hoofsaak." Die belasting-in-goedere sou nie net die kleinboere aansporing gee om produksie te verhoog nie, maar dit het hulle ook die vryheid gegee om wat hulle geproduseer het op die mark vir wins te verkoop, iets wat nie onder Oorlogskommunisme toegelaat was nie.

Toevallig het Lenin besef, terwyl Rusland se ekonomie onder die gewig van kitskommunisme deurgeval het, dat die kleinboere die meerderheid van die bevolking uitgemaak het en hoewel die regering vir die Proletariaat (werkersklas) opgestel is, was die feit dat slegs 'n klein persentasie van die bevolking (nie eens 10%) 'n werklike bevolking van fabriekswerkers uitgemaak het en die meeste van die res, boere was. Daarom sou hulle in hierdie nuwe Ekonomiese Beleid in ag geneem moes word, want indien nie, net soos met Oorlogkommunisme, sou die ekonomie aanhou ly.

[Uit http://www.inquiriesjournal.com/articles/1670/lenins-new-economic-policy-what-it-was-and-how-it-changed-the-soviet-union. Toegang op 21 April 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 1C**

Die foto hieronder, beeld 'n markplek uit gedurende die Nuwe Ekonomiese Beleid (NEB) tydperk in Rusland.



[Uit https://brewminate.com/history-of-the-soviet-1921-1924-comintern-to-the-workers-opposition/. Toegang op 21 April 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## BRON 1D

Die teks hieronder is deur Lenin geskryf en op 18 Oktober 1921 in *Pravda* gepubliseer, destyds die ampelike koerant van die Russiese Kommuniste Party.

Ons laaste, maar belangrikste en moeilikste taak, die een waaraan ons die minste gedoen het, is ekonomiese ontwikkeling, die lê van ekonomiese fondamente vir die nuwe, sosialistiese stelsel op die terrein van die afgebroke feodalestelsel en die half-afgebroke kapitalistiese stelsel.

Dit is in hierdie belangrikste en moeilikste taak dat ons die grootste aantal terugslae ervaar het en die meeste foute gemaak het. Hoe kon enigiemand verwag dat ŉ taak so nuut vir die wêreld sonder terugslae en sonder foute begin kon word? Maar ons het begin. Ons sal dit voortset. Op hierdie oomblik is ons, deur ons Nuwe Ekonomiese Beleid, besig om ŉ aantal van ons foute reg te stel. Ons leer hoe om die sosialistiese struktuur in ŉ kleinboerland op te rig sonder om sulke foute te begaan.

Maar ons het ook, ten minste tot ŉ mate, ŉ ander kuns aangeleer wat noodsaaklik is in rewolusie, naamlik buigsaamheid: die vermoë om vinnige en skielike veranderinge in taktiek te bewerkstellig indien veranderinge in objektiewe toestande dit vereis, en om ŉ ander pad te kies vir die bereiking van ons doel indien die vorige pad op die gegewe oomblik ondoeltreffend (onwys) of onmoontlik blyk te wees.

Persoonlike aansporing (motivering) sal produksie verhoog; ons moet produksie eerstens en ten alle koste verhoog. Groothandel verenig ekonomies miljoene kleinboere: dit gee hulle ŉ persoonlike aansporing, verbind hulle en lei hulle na die volgende stap, naamlik na verskillende vorme van assosiasie en alliansie in die produksieproses self.

Ongeag watter koste, ongeag hoe erg die ontberinge van die oorgangstydperk mag wees, ons sal nie terugdeins nie; ons sal ons saak triomfantelik na sy doelwit stuur.

[Uit https://communist.red/lenin-the-fourth-anniversary-of-the-october-revolution/. Toegang op 21 April 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: TOT WATTER MATE WAS DIE NUWE BEDELING (*NEW DEAL*) SUKSESVOL IN DIE VERMINDERING VAN WERKLOOSHEID EN DIE STIMULERING VAN EKONOMIESE HERSTEL IN DIE VSA GEDURENDE DIE 1930's?

### BRON 2A

Hierdie bron handel oor die impak en doeltreffendheid van Franklin D. Roosevelt se Nuwe Bedeling in reaksie op die Groot Depressie, met die fokus op werkloosheid, nywerheid, landbou en openbare werke-programme.

Franklin D. Roosevelt het sy 'Nuwe Bedeling' in 1933 van stapel gestuur in reaksie op die enorme omvang van armoede wat deur die Groot Depressie van 1929 geskep is. Na die groot ineenstorting van die New York-aandelebeurs, het banke ineengestort, industriële en plaasinkomste het met ongeveer twee derdes gedaal, en werkloosheid wat in 1929 op 1,6 miljoen gelë was, het in 1933 tot 12,8 miljoen gestyg.

Die nywerheid het onder die Nuwe Bedeling wel winste gemaak. Van 1933 tot 1937 het die ekonomie met 10 persent per jaar gegroei. Daar was egter 'n ekonomiese afswaai in 1937 en werkloosheid het tot 19 persent gestyg. In 1941 was werkloosheid steeds so hoog as 10 persent en die hoë werkloosheid het waarskynslik permament gelyk. Intussen het vakbonde voordeel uit die Nuwe Bedeling getrek met 'n verdriedubbeling van lidmaatksap in die 1930's.

Met boere wat in 1930 30 persent van die nasionale werksmag uitgemaak het, moes landbouprobleme onder die Nuwe Bedeling aangepak word. Die onmiddellike probleem van surplus produkte en lae pryse is aangespreek deur die vernietiging van 10,4 miljoen akker katoengewasse en die slagting van 6 miljoen varke. Die Wet op Landbou-aanpassing (*Agricultural Adjustment Act*) (AAA) het produsente betaal om hul gewasse te verminder en plaasprodukte bewerkers (bv. inmaakfabrieke) belas. Die doel was om pryse op te stoot deur produkte skaars te maak. Die eerste probleem was die oënskynlike vermorsing wat dit behels het. Tweedens, boere het slegs vrywillig deelgeneem en dus sou sukses waarskynlik beperk wees. Nietemin het plaasinkomste tussen 1932 en 1939 verdubbel en $4,6 miljard bereik.

Ander Nuwe Bedeling-projekte het gemengde sukses behaal. In 1933 is die Burgerlike Bewaringskorps (*Civilian Conservation Corps*) (CCC) gestig om jong mense in diens te neem. 'n Halfmiljoen is in diens geneem vir herbebossing, landelike padbou, besproeiings en vloedbeheerskemas, en grondbewaringsprojekte. Werklose mense van die stad het baat gevind, net soos die landelike gebiede wat deur verbeteringswerke geraak is.

[Uit https://www.johndclare.net/America9_Burgoyne.htm. Toegang op 1 Mei 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 2B**

Die bron hieronder verduidelik hoe die Federale Regering gepoog het om werk te verskaf tydens die Nuwe Bedeling.

Met sy aanstelling in Maart 1933, met meer as tien miljoen werkloses, het Roosevelt en die Demokratiese meerderhede in kongres 'n meer vrye monetêre beleid, prysondersteuning vir landbou, vakbondregte en miljarde dollars vir openbare werke en werkgeleenthede gelewer. Ekonomiese herstel het onmiddellik begin en daarna voortgeduur, met vinnige groei wat nietemin jare geneem het om die verlies aan grond tydens die Hoover–jare in te haal.

Dit het verskeie probeerslae geneem om die werkprogramme aan die gang te kry. Eers het die Roosevelt-administrasie projekte wat op plaaslike vlak bestuur moes word, gefinansier. Maar groot werke het voorafbeplanning vereis, en teen die einde van die somer van 1933 het slegs 250 000 Amerikaners werk op sulke projekte gehad. Sommige kleiner openbare werke het wel begin, maar om plaaslike regerings toe te laat om dit te bestuur, het beteken dat daar ongelykhede (onbillikheid) in werksomstandighede en lone was, tesame met verskillende grade van bestuursbekwaamheid.

Uiteindelik het die Roosevelt-administrasie besluit om self werkers aan te stel, vir projekte van alle soorte state en gebiede. Deur agt-uur dae en 40-uur werke te verplig, lone te kalibreer om 'n ordentlike lewenstandaard te verseker, en kinderarbeid uit te sluit, het die openbare werkeprogramme nasionale verwagtinge vir werksomstandighede gestel. Rassediskriminasie op die werke is eers deur reël en toe deur wetgewing verbied; die openbare werkeprogramme het swart Amerikaners ongekende ekonomiese geleenthede gegee.

Meestal was die werkers bouers. Hulle het meer as 'n halfmijoen myl paaie geïnstalleer of verbeter. Hulle het skole, parke, biblioteke, poskantore, seehawens en lughawens gebou; brûe en hidroëlektriese damme; stadions en teaters en nederige maar noodsaaklike-sypaadjies. Hulle het krag gebring – elektries, weliswaar, maar daarmee saam politieke en simboliese mag, na mense en dele van die land wat nog nooit tevore gehad het nie.

[Uit https://www.theguardian.com/commentisfree/2020/may/20/roosevelts-new-deal. Toegang op 1 Mei 2025 verkry.]


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## BRON 2C

Die uittreksel hieronder is uit een van President Roosevelt se "geselsies langs die kaggelvuur" (fireside chats) geneem, op 4 September 1934 gelewer.

Voordele van die Industriële Herstelprogram (*Industrial Recovery Program*) het nie net vir arbeid in die vorm van nuwe werksgeleenthede, in verligting van oorwerk en in verligting van onderbetaling gekom nie, maar ook vir die eienaars en bestuurders van die nywerheid, want tesame met ʼn groot toename in die betaalstaat, het daar aansienlike styging in die totale industriële winste gekom – ʼn styging van ʼn tekortsyfer in die eerste kwartaal van 1933 tot ʼn vlak vanaf volgehoue winste binne een jaar na die inhuldiging van die Nasionale Hersteladministrasie (*National Recovery Administratio*n).

Nou moet daar nie verwag word dat selfs werkende arbeid en kapitaal heeltemal tevrede met die huidige toestande sal wees nie. Werkende werkers het geensins almal ʼn terugkeer na die verdienste van voorspoedige tye geniet nie, alhoewel miljoene minderbevoorregte werkers vandag baie beter betaal word as ooit tevore. Ook het miljarde dollars se geïnvesteerde kapitaal vandag ʼn groter sekuriteit van die huidige en toekomstige verdienskragte as voorheen. Dit is as gevolg van die vestiging van billike, mededingende standaarde en as gevolg van verligting van onregverdige mededinging in loonverlagings wat markte onderdruk en koopkrag vernietig.

Nietemin was die winste van handel en nywerheid as geheel aansienlik. In hierdie winste en in die beleide van die Administrasie is daar die versekering wat alle vooruitkykende mans en vroue bemoedig met die vertroue dat ons beslis ons politieke en ekonomiese stelsel herbou volgens die riglyne wat deur die Nuwe Bedeling neergelê is – riglyne wat, soos ek so dikwels duidelik gemaak het, in volle ooreenstemming is met die onderliggende beginsels van ordelike volksregering.

Gedurende die twaalf maande is ons industriële herstel tot ʼn afgelope mate vertraag deur stakings, insluitend ʼn paar van groot belang. Ek sal nie die onvermydelike verliese vir werkgewers en werknemers en die algemene publiek deur sulke konflikte minimaliseer nie. Maar ek wil daarop wys dat die omvang en erns van arbeidsgeskille gedurende hierdie tydperk baie minder was as in enige vorige vergelykbare tydperk.

[Uit https://www.presidency.ucsb.edu/documents/fireside-chat-20. Toegang op 02 Mei 2025 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 2D**

Die foto hieronder toon lede van die Nasionale Kamer van Handel met hul anti-belasting-reklamebord wat in 1937 geneem is.




[Uit: https//oohtoday.com/do-billboards-speak/. Toegang op 02 Mei 2025 verkry.]

Wat besigheid help, help jou

Minder belasting – meer werksgeleenthede

Nasie se Besigheids Sakekamer VSA



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: HOE HET DIE NUREMBERGWETTE TOT DIE SKEPPING VAN ’N RASGEBASEERDE NAZI-STAAT BYGEDRA?**

**BRON 3A**

Die uittreksel hieronder handel oor die toenemende vervolging van Jode en ander gemarginaliseerde groepe in Nazi-Duitsland tussen 1933 en 1939, en beklemtoon die implementering van rassistiese wette, uitsluiting van die openbare lewe en toenemende wetlike diskriminasie, veral deur die Nurembergwette.

Deur die vervolging van die Jode tussen 1933 en 1939 te ondersoek – die jare wat die vorming van die kern van Nazi-rassisme gesien het – kan drie duidelike fases onderskei word. Gedurende die eerste fase, in 1933 en 1934, was die fokus op die uitsluiting van Jode uit die openbare lewe. Onmiddellik na hul magsoorname het die Nazi’s ’n aggressiewe boikot van Joodse besighede georganiseer, maar baie vinnig ook anti-Joodse wette begin instel. Jode is nie meer toegelaat om staatsamptenare te wees of meer regte te beoefen nie. Hulle kon ook geen openbare posisies beklee nie.

Terselfdertyd het die Nazi’s vinnig duidelik gemaak dat hul rassistiese beleid nie uitsluitlik op Jode gemik was nie. Reeds in die somer van 1933 het hulle ’n wet aangeneem wat die gedwonge sterilisasie van mense was as “aangebore siek” beskou is, toegelaat. Teen die einde van die “Derde Ryk” was meer as 300 000 Duisters slagoffers van hierdie wetgewing. In die lente van 1935 het die Nazi’s ’n nuwe fase in die vervolging van die Jode begin. Die doel was toe om hul biologiese segregasie te bewerkstellig deur ’n proses van “wettige” diskriminasie. Soos in 1933, het hierdie fase met anti-semitiese oproer wat deur ondersteuners van die Nazi-party georganiseer was, begin.

Weereens het die regime gereageer deur maatreëls “van bo af” in te stel. In 1935 is die Nurembergwette, , wat bepaal het wie as Joods beskou moes word aangekondig. Die gelyke regte van Jode as Duitse burgers – wat sedert 1871 in Duitsland van krag was – is beëindig. Huwelike en buite-egtelike seksuele verhoudings tussen Jode en nie–Joode is verbied. In die jare wat gevolg het, is omvattende anti-Joodse wetgewing ingestel wat byna alle aspekte van die lewe gedek het.

Na Heinrich Himmler se aanstelling as hoof van die Duitse polisie in 1936, het die vervolging van ander gestigmatiseerde groepe ook toegeneem. Die Nurembergwette is uitgebrei na “sigeuners”, wie se bewegingsvryheid in 1936 deur die instelling van spesiale kampe beperk is.

[Uit https://www.bbc.co.uk/history/worldwars/genocide/racial_state_01.shtml. Toegang op 07 Mei 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 3B**

Die inligting hieronder handel oor die Nurembergwette, wat in 1935 deur Nazi-leiers aangekondig is en rassediskriminasie in Duitsland geinstitusionaliseer het. Dit bevat ook 'n uittreksel van William E. Dodd, die Verenigde State se ambassadeur in Duitsland van 1933 tot 1937.

Tydens hul jaarliske saamtrek wat op 15 September 1933 in Nuremberg gehou is, het die leiers van die Nazi-party, nadat die Reichstag dit aangeneem het, nuwe wette aangekondig wat baie van die rasse–teorieë wat die Nazi-ideologie onderlê, geinstitusionaliseer het.

Die sogenaamde Nurembergwette, onderteken deur Hitler en verskeie ander Nazi–amptenare, was die hoeksteen (fondament) van die gewettigde vervolging van Jode in Duitsland. Hulle het Duitse Jode van hul Duiste burgerskap gestroop, die huwelike en "buite–egtelike seksuele omgang" tussen Jode en ander Duisters verbied, en Jode verbied om die Duitse vlag te laat vlieg wat nou die swastika genoem sou wees.

Op 16 September het Ambassadeur Dodd 'n kabel (boodskap) aan die minister van Buitelandse Sake gestuur oor die Nurembergwette. Hy het geskryf:

Tot dusver is dit slegs moontlik om te sê dat die hooftendens van die Nuremberg–kongres was om voorsiening te maak vir radikale sentiment (oortuigings) binne die party. Die wette wat gisteraand aangeneem is rakende burgerskap, die swastika as die nasionale vlag en die wet op die beskerming van Duiste bloed en eer (deur die voorkoming van huwelik en seksuele omgang tussen Ariërs en Jode en die waai van die Duiste vlag deur laasgenoemde), benodig natuurlik verdere definisie en die Buitelandse Kantoor het aangeraai om vir uitvoerende aanvullende regulasies te wag. [Hierdie, wat op 14 November uitgereik is, het spesifieke definisies verskaf van wie 'n Jood is.]

[Uit https://www.archives.gov/publications/prologue/2010/winter/nuremberg.html. Toegang op 07 Mei 2025 verkry.]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 3C**

Die bron hieronder verduidelik hoe die Nazi's wette, geweld en openbare identifikasie gebruik het om Jode te vervolg, en sodoende anti-semitisme geleidelik normaal in die samelewing te maak en die grondslag vir die *Holocaust* (Jodemoord) te lê.

Die Nurembergwette het net soveel skade aan die Joodse lewe aangerig as die Nazi-geweld. Geleidelik uit die openbare lewe verwyder en anti-Semitisme in wetgewing gekodifiseer (gereël), het die ideologie van vervolging die aanvaarde norm onder Duitse burgers geword en daarna ook onder die nasies wat deur Nazi Duitsland beset is. Die uitbarsting van anti-Semitiese geweld was ŉ sein (teken) aan die Nazi-elite dat anti-Joodse maatreëls verwelkom sou word en dat ŉ toename in radikalisme nie met enige weerstand gegroet sou word nie.

Soos die Tweede Wereldoorlog tot in die 1940's gewoed het, het die Nazi's besluit dat hulle ŉ beter stelsel nodig het om tussen Jode en Duitsers te onderskei, wat die Middeleeuse praktyk van die "Joodse kenteken" wat in verskeie lande regoor Europa gebruik is, laat herleef het. Byna onmiddellik na die inval in Pole op 1 September 1939, is Jode gedwing om ŉ geel Ster van Dawid of ŉ wit armband met ŉ blou Ster van Dawid (afhangende van hul ligging) te dra wanneer hulle in die openbaar uitgegaan het, maar op 6 September 1941 het die Nazi's verorden dat alle Duitse Jode vanaf 19 September armbande moes dra sodat almal kon sien wie ŉ Jood was. Dit was nadelig (skadelik) vir die vermoë van Jode om in die openbaar uit te gaan.


Die Nazi's het die stelsel van geregtigheid korrupteer en dit in ŉ wapen van terreur, haat en ŉ valse regverdiging vir dade teen die Joodse volk, hul besighede en hul bestaan, verander. Deur die wet te verdraai om hul eie burgers aan te val, kon die Nazi's regeringstelsels en onfhanklike instellings, soos die polisie en regbank, gebruik om radikale idees van rasse-meerderwaardigheid af te dwing en herhaalde vervolgings teen die Joodse volk te loods. Hierdie valse predikaat het gedien as ŉ fondament vir die vasberadenheid en besluit dat die enigste antwoord uitwissing was as die finale oplossing vir die "Joodse Vraag" – die probleem van wat om met die Jode te doen.

[Uit https://digitalcommons.lmu.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1729&context=ilr&httpsre]dir=1. Toegang op 07 Mei 2025 verkry.]


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 3D**

Die beeld hieronder is van 'n Joodse identiteitskaart wat in Nazi-Duitsland uitgereik is. Die kaart het aan Manfred Israel Bergmann, 'n Jood, behoort en is 17 Januarie 1939 gedateer. Identiteitskaarte soos hierdie het verpligtend geword vir Jode na die implementering van die Nurembergwette en verdere anti-semitiese regulasies.




[Uit https://www.theholocaustexplained.org/life-in-nazi-occupied-europe/oppression/anti-semitic-laws/. Toegang op 07 Mei 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**ERKENNINGS:**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

https://soviethistory.msu.edu/1921-2/the-new-economic-policy/. Toegang verkry 18 April 2025.

https://communist.red/lenin-the-fourth-anniversary-of-the-october-revolution/. Toegang verkry 21 April 2025.

https://brewminate.com/history-of-the-soviet-1921-1924-comintern-to-the-workers-opposition/. Toegang verkry 21 April 2025.

http://www.inquiriesjournal.com/articles/1670/lenins-new-economic-policy-what-it-was-and-how-it-changed-the-soviet-union. Toegang verkry 21 April 2025.

https://web.stanford.edu/class/e297c/poverty_prejudice/soc_sec/hgreat.htm. Toegang verkry 1 Mei 2025.

https://www.theguardian.com/commentisfree/2020/may/20/roosevelts-new-deal. Toegang verkry 1 Mei 2025.

https://oohtoday.com/do-billboards-speak/. Toegang verkry 02 Mei 2025.

https://www.presidency.ucsb.edu/documents/fireside-chat-20

https://www.bbc.co.uk/history/worldwars/genocide/racial_state_01.shtml.

https://www.archives.gov/publications/prologue/2010/winter/nuremberg.html

https://digitalcommons.lmu.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1729&context=ilr&httpsredir=1.

https://www.theholocaustexplained.org/life-in-nazi-occupied-europe/oppression/anti-semitic-laws/

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2025

# GESKIEDENIS V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 29 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS – TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieër historiese begrippe/terme. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **50%<br>(25)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **20%<br>(10)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen word.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word), sowel as die vlak van die vraag, in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet die kandidate krediet kry vir enige relevante antwoorde.
- Daar word van leerders verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om punte te verdien.


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:**

- Gebruik ʼn regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die punte toekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ʼn vraag 4 punte tel word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**
Paragrawe behoort global (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ʼn antwoord op ʼn paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ʼn kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2 of 3) soos aangedui in die holisties rubriek en gee ʼn kort kommentaar bv.

____________•________________________•________________________

•____________________________ • ______________________________

✓✓✓✓ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv.

$\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argment op ʼn logiese en samelopende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaar voeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ʼn redelike reeks feite of ʼn effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ʼn opstel ʼn inleiding, ʼn samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ʼn slot het.



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.2 **Nasien van die opstelvrae:**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by die riglyn vir die nasien van ʼn spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoorde.*

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ʼn geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering bemoedig die leerder aan om ʼn individuele mening aan te beied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ʼn argument te ondersteun. Hierdie benaering sal leerders ook ontmoedig om 'model antwoorde' voor te berei en te reproduseer, sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarteenstelling van ʼn argument.
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedure van die opstel**

2.4.1 Hou die synopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ʼn relevante inleiding (aangedui met ʼn kolpunt ("bullet") in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is (ook aangedui deur ʼn kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) en ʼn relevante slotopmerking (aangedui met ʼn kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), bv., ʼn antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.4.3 Hou die **PEEL**–struktuur in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt**: Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt<br>Elke paragraaf moet ŉ punt insluit wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking**: Die kandidaat moet in groter detail waaroor die hoofpunt (argument) gaan bespreek en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is (argument). |
| **E** | **Voorbeeld**: Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel**: Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4

Die volgende simbole MOET in die assessering van die osptel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerkings nie nehoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling __________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A √
- Interpretasie I√
- Argument LOA ↕



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel, moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal verband hou met die vlak (op die matriks) van die **aanbieding**.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| V | VLAK 3 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| V | VLAK 3 | }26–27 |

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## KOMMENTAAR

Sommige weglatings in inhoudsdekking
Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDENING → INHOUD ↓ | VLAK 7 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1* Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***VLAK 7*** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| ***VLAK 6*** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| ***VLAK 5*** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| ***VLAK 4*** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| ***VLAK 3*** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| ***VLAK 2*** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| ***VLAK 1**** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1 HOE HET DIE INSTELLING VAN DIE NEB ’N VERSKUIWING IN BOLSJEWITIESE DENKE VERTEENWOORDIG?

1.1 1.1.1 [*Ontrekking van bewyse uit Bron1 A-V1]*
- Maart 1921 (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1A-V1]*
- ’n Oorlog tussen burgers van dieselfde land
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.3 *Ontrekking van bewyse uit Bron1 A-V1]*
- stakings deur ontevrede werkers
- boere-onrus
- openlike rebellie onder die soldate en matrose wat op die Krondstadt-eiland gestasioneer was
- stedelike ontvolking (3 x 1) (3)

1.1.4 *Interpretasie van bewyse uit Bron1A-V2*
- Dit het die hoeveelheid belasting wat boere moes betaal, aansienlik verminder
- Boere kon nou hul surplus op die ope mark verkoop.
- Boere het aansporing gehad om meer voedsel te produseer.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1A - V2*
- Oorlogskommunisme het misluk en Rusland se ekonomie was swak
- Hy het geglo dat die NEB Rusland se ekonomie kon bou.
- Dit sou tyd neem vir verandering om gevoel te word
- Die mense moes geduldig wees
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 [*Definisie van ’n historiese konsep uit Bron 1B – V2]*
- Kleinboere kon belasting in goedere betaal, met ander woorde, met produkte eerder as geld tydens die Nuwe Ekonomiese Beleid
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2.2 [*Ontrekking van bewyse uit Bron1B-V1*]
- Te veel mense
- Nie genoeg kos nie (2 x 1) (2)

1.2.3 [*Ontrekking van bewyse uit Bron1B-V1*]
- ‘waarvan die kleinboere vooraf in kennis gestel sou word’ (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1B-V2]*
- Kleinboere het groter aansproing gehad om meer kos te produseer
- Die kleinboere was nie meer bang vir voedselopname nie
- Kleinboere was ten gunste van die NEB en het die regering ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2 ) (4)

1.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1B-V2]*
- Rusland se ekonomie was steeds agterlik en gebaseer op landbou
- Die meerderheid van die bevolking was kleinboere
- Die regering is opgestel om diewerkersklas te bevoordeel, maar Rusland het slegs ŉ klein werkersklasbevolking gehad
- As die huidige behoeftes nie nagekom word nie, sou die ekonomie aanhou ly
- As die nywerheid wou groei, sou die kleinboere genoeg voedsel aan die nuwe werkersklas moes verskaf
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1C-V2]*
- Die NEB het kleinboere toegelaat om goedere op die ope mark te verkoop.
- Meer voedsel is geproduseer as gevolg van die NEB.
- Die koopkrag van die Russiese kleinboere het toegeneem as gevolg van die NEB
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1C-V2]*
- Hulle sou dit as ŉ verraad van kommunisme en ŉ terugtrekking na kapitalisme beskou het.
- Hulle het gevoel dat dit die doelwitte van ŉ sosialistiese staat ondermyn word deur privaat eienaarskap en winsgedrewe onderneming toe te laat.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 [*Ontrekking van bewyse uit Bron1D-V1*]
- Feudale
- Kapitalistiese (2 x 1) (2)


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

1.4.2 [*Ontrekking van bewyse uit Bron1D-V1*]
- Buigsaamheid
- Die vermoë om vinnige en skielike taktiekveranderinge te bewerkstellig
- Om 'n ander pad te kies vir die bereiking van ons doel indien die vorige pad onmoontlik blyk te wees (Enige 2 x 1) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1D-V2]*
- Produksie in Rusland sou toeneem as mense gemotiveerd was om te werk
- 'n Kapitalistiese tipe stelsel was nodig om produksie vlakke in Rusland te verhoog
- Die Russiese ekonomie sou uitbrei as kleinboer produksie toeneem
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1D-V2]*
- Lenin spreek onwrikbare toewyding aan die Kommunistiese saak uit
- Hy erken dat die oorgang van kapitalisme na sosialisme uiters uitdagend sal wees en met lyding kan gepaardgaan
- Lenin bly vol vertroue dat die rewolusie sal slaag
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4.5 [*Vasstelling van Bruikbaarheid van Bron 1D-V3*]
**Die bron is bruikbaar omdat:**
- Hierdie bron is 'n artikel geskryf deur Vladimir Lenin, die leier van die Bolsjewistiese Party en hoof van die destydse Sowjet–regering
- Lenin was direk betrokke by die skep en implementering van die NEB
- Die bron gee insig in die amptelike redenasie en motiverings agter die beleid
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.5 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne 1B en 1C om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun-V3*]
- Bron **1B** verklaar dat die kleinboere surplusprodukte op die oop mark kon verkoop. Bron **1C** is 'n foto wat kleinboere wys wat surplus voedsel op die oop mark verkoop.
- Bron **1B** verklaar dat die kleinboer gemotiveerd sou wees om harder te werk. Bron **1C** toon dat die kleinboere wel harder gewerk het aangesien hulle surplus voedsel geproduseer het.
- Bron **1B** verklaar dat die werkers 'n aansporing sou hê om produksie te verhoog. Bron **1C** toon 'n toename in produksie aangesien die kleinboere surplus voedsel het om op die oop mark te verkoop.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne-V3]*

- Die bekendstelling van die NEB het ʼn groot afwyking van die party se vorige benadering tot die bestuur van die land verteenwoordig (Bron 1A)
- Kleinskaalse nywerhede en dienste is gedenasionaliseer (Bron 1A)
- Daar is na die NEB as ʼn terugtrekking van die staat verwys. (Bron 1A)
- Die Belasting-in-goedere–beleid, wat die surplus voedseltoewysigingsstelsel sou vervang (Bron 1B)
- Die NEB het hulle (kleinboere) die vryheid gegee om wat hulle geproduseer het, op die mark vir wins te verkoop, iets wat nie onder Oorlogskommunisme toegelaat sou gewees het nie (Bron 1C)
- Die NEB het beperkte vorme van kapitalisme toegelaat (Bron 1C)
- Boere is toegelaaat om surplusprodukte op die ope mark te verkoop Nie toegelaat onder Oorlogskommunisme nie (Bron 1C)
- Die NEB het die fondamente vir die nuwe sosialistiese stelsel geskep (Bron D)
- Die NEB het die belangrikheid van buigsaamheid in Bolsjewitiese denke getoon (Bron 1D)
- Die NEB het ʼn verskuiwing van Oorlogskommunisme na ʼn meer gemengde ekonomie gekenmerk. (Eie kennis)
- Bolsjewiste het klein besighede en kleinboere toegelaat om vir wins te hand wat ʼn stap terug was van streng sosialistiese beheer
- Deur die NEB in te stel, het die Bolsjewiste sommige sleutel kommunistiese beginsels laat vaar (Eie kennis)
- Die Nuwe Ekonomiese Beleid het privaat besighede en boerderywinste toegelaat, wat teen die kommunistiese teorie was (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord (6)

**Gebruik die volgende matriks om ʼn punt toe te ken**:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ʼn elementere wyse, bv., toon min of geen begrip van **hoe die bekendstelling van die NEB ʼn verskuiwing in Bolsjewistiese denke verteenwoordig het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ʼn paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ʼn groot mate verband met die onderwerk, bv., toon ʼn mate van begrip van **hoe die bekendstelling van die NEB ʼn verskuiwing in Bolsjewistiese denke verteenwoordig het.**<br>• Gebruik bewyse op ʼn baie basiese manier om ʼn paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. demonstreer ʼn deeglike begrip van **hoe die bekendstelling van die NEB ʼn verskuiwing in Bolsjewistiese denke verteenwoordig het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf wat ʼn begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 2: TOT WATTER MATE WAS DIE NUWE BEDELING (*NEW DEAL*) SUKSESVOL IN DIE VERMINDERING VAN WERKLOOSHEID EN DIE STIMULERING VAN EKONOMIESE HERSTEL IN DIE VSA GEDURENDE DIE 1930's?**

2.1 2.1.1 [*Ontrekking van bewyse uit Bron2A-V1]*

- "in reaksie op die ernome omvang van armoede wat deur die Groot Depressie van 1929 geskep is" (1 x 2) (2)

2.1.2 [*Ontrekking van bewyse uit Bron2A-V1]*

- 12,8 miljoen (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Definisie van ŉ historiese konsep uit Bron 2A-V2]*

- ŉ Periode van Amerikaanse ekonomiese inkrimping (ekonomiese afswaai), gekenmerk deur verminderde sake-aktiwiteit, dalende produksie en verkoppe, stygende werkloosheid en dalende inkomstevlakke
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron2A-V2]*

- Boere is betaal om minder te produseer, wat ŉ hoër vraag en stygende pryse geskep het
- Boere het subsidies van die regering ontvang, wat winste verhoog het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.5 [*Interpretasie van bewyse uit Bron2A-V2]*

- Dit het baie mense van werk voorsien
- Deur ŉ inkomste te verdien, sou dit hul lewenstandaard verbeter het
- Dit het verdere werkskepping moontlik gemaak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.6 [*Interpretasie van bewyse uit Bron2A-V2]*

- Die Nuwe Bedeling het beide stedelike en landelike gebiede gehelp
- Werklose mense wat in die stede gewoon het, het werk deur programme soos die CCC gekry
- Landelike gebiede het voordeel getrek uit verbeterde infrastruktuur en bewaringsprojekte
- Landelike gebiede het langtermyn voordele gekry soos beter paaie, vloedbeheer en grondbewaring
- Dit het die regering se aktiewe rol in die skep van werk en die ondersteuning van ontwikkeling tydens die depressive getoon
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.2 2.2.1 [*Ontrekking van bewyse uit Bron2B-V1]*

- Minder streng monetêre beleid
- prysondersteuning vir landbou
- vakbondregte
- miljarde dollars vir openbare werke en werksgeleenthede

(Enige 2 x 1) (2)

2.2.2 [*Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 2B - V1*]

- Verwys na infrastruktuurprojekte en -dienste wat deur die regering gefinasier en uitgevoer word, tot voordeel van die algemene publiek
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.3 [*Ontrekking van bewyse uit Bron2B-V1]*

- ongelykhede (onbillikheid) in werksomstandighede
- verskillend grade van bestuursbekwaamheid (2 x 1) (2)

2.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron2B-V2]*

- Die Roosevelt-administrasie het geglo dat die federale regering beheer moes neem en direk werk moes verskaf
- Die regering kon verseker dat geld korrek bestee is
- Die Roosevelt-administrasie het nie plaaslike regerings vertrou nie
- Deur werkers in alle state en gebiede aaan te stel, kon die regering verseker dat hulp eweredig en billik versprei is
- Die regering wou beheer oor groot infrastruktuurprojekte hê
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.5 [*Interpretasie van bewyse uit Bron2B-V2]*

- Die Nuwe Bedeling het elektrisiteit na landelike en onderontwikkelde gebiede gebring en hulle gemoderniseer
- Toegang tot elektrisiteit het mense groter beheer oor hul lewens en toekoms gegee
- Dit het getoon dat die federale regering verwaarloosde streke aktief ondersteun
- Hierdie gemeenskappe was meer in nasionale sake ingesluit en het groter invloed op politieke besluite gehad
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

2.3 2.3.1 [*Ontrekking van bewyse uit Bron2C-V1*]
- Eienaars
- Bestuurders (2 x 1) (2)

2.3.2 [*Ontrekking van bewyse uit Bron2C-V1*]
- "werkers vandag baie beter betaal word as ooit tevore"

(1 x 2) (2)

2.3.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron2C-V2]*
- Handel en nywerheid het aansienlik gegroei
- Die Nuwe Bedeling het die Amerikaanse ekonomie verbeter
- Die Nuwe Bedeling het werk vir baie werklose Amerikaners geskep
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron2C-V2]*
- Roosevelt toon ŉ gebalanseerde houding, en erken die skade wat deur stakings veroorsaak word, maar probeer ook om vordering uit te lig deur ŉ afname in hul frekwensie (gereeldheid) en erns te noem.
- Roosevelt kom voor as simpatiek teenoor alle partye wat deur stakings geraak word – werkgewers, werkers en die publiek – en erken die "onvermydelik verliese" wat hulle in die gesig staar.
- Roosevelt neem ŉ optimistiese toos aan, erken die negatiewe gevolge van stakings, maar beklemtoon dat die situasie verbeter het in vergelyking met vorige jare.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3.5 [*Bepaling van betroubaarheid van Bron* 2D-V3]

**Betroubaar**
- Primêre bron aangesien dit ŉ toespraak deur President Roosevelt is, gelewer tydens die Nuwe Bedeling
- Dit bied direkte insig in hoe die Nuwe Bedeling werk
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**Nie Betroubaar nie**
- Die bron sal waarskynlik bevooroordeeld wees, aangesien Roosevelt sy administrasie se beleide bevorder en die Nuwe Bedeling in ŉ positiewe lig uitbeeld om openbare steun te verkry of te behou.
- Die toespraak beklemtoon suksesse en fokus minder op mislukkings
- Die Bron maak lig van of laat negatiewe aspekte van die Nuwe Bedeling weg
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron2D-V2]*

- Nie alle Amerikaners was ten gunste van die Nuwe Bedeling nie
- Roosevelt het openbare teenkanting teen sy beleide ontvang
- Dit het teenkanting teen die Nuwe Bedeling se besteding en federale werkskepping weerspieël
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.4.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron2D-V2*]

- Vermindering van belasting sou maatskappye met meer geld laat om werkers aan te stel
- Die slagspreuk het geïmpliseer dat staatsbesteding en hoë belasting werkskepping benadeel
- Laer belasting sou besighede aanmoedig om meer geld te belê en meer werksgeleenthede te skep
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5 [*Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en Bron 2D om ooreenkomste vas te stel -V3*]

- Bron **2C** is van Roosevelt, die Amerikaanse president, tydens die Nuwe Bedeling en is ten gunste van die Nuwe Bedeling. Bron **2D** verwys na die Nasionale Soukekamer wat teen die hoë belasting van die Nuwe Bedeling protesteer.
- Bron **2C** is ten gunste van die Nuwe Bedeling en verklaar hoe dit werk vir baie Amerikaners geskep het. Bron **2D** verskil deurdat dit impliseer dat die Nuwe Bedeling werkskepping verhoed het.
- Bron **2C** impliseer dat die Nuwe Bedeling werkers en werkgewers bevoordeel het, terwyl die implikasie in Bron **2D** is dat werkers en werkgewers nie voordeel uit die Nuwe Bedeling beleide trek nie.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne - V3]*

**SUKSESVOL**

- Die nywerheid het winste onder die Nuwe Bedeling gemaak. (Bron 2A)
- Die ekonomie het met 10 persent per jaar gegroei (Bron 2A).
- Plaasinkomste het tussen 1932 en 1939 verdubbel en $4,6 miljard bereik. (Bron 2A)
- ŉ Halfmiljoen was in diens van herbebossing, landelike padbou, besproeiings- en vloedbeheerskemas, en grondbewaringsprojekte. (Bron 2A)
- Werklose mense van die stad het baat gevind, asook die landelike gebeide wat deur die verbeteringswerke geraak is. (Bron 2A)
- Toestande vir werkers het verbeter. (Bron 2B)
- Die Nuwe Bedeling het elektrisiteit na baie dele van Amerika gebring. (Bron 2B)
- Die Industriële Herstelprogram het ŉ aansienlike styging in die totale industriële winste veroorsaak. (Bron 2C)
- Die winste van handel en nywerheid, as geheel, was aansienlik. (Bron 2C).
- Miljoene minder bevoorregte werkers word baie beter betaal as ooit tevore. (Bron 2C)
- Die Nuwe Bedeling het miljoene werksgeleenthede deur openbare werkeprogramme, soos die CCC en WPA, geskep. Dit het mense tydelike werk gegee en moraal verhoog. (Eie kennis)
- Die Nuwe Bedeling het noodhulp en werk verskaf, wat baie gesinne gehelp het om die Depressie te oorleef. Dit het infrsatruktuur verbeter en banke en boere ondersteun. (Eie kennis)
- Die Nuwe Bedeling was die mees suksesvol om hoop en sekuriteit te bied. Dit het langtermyn hervormings soos Maatskaplike Sekuriteit (*Social Security*) en arbeidsregte ingestel. (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**NIE SUKSESVOL**

- Daar was ʼn ekonomiese afswaai in 1937 en werkloosheid het tot 19 persent gestyg. (Bron 2A)
- Werkloosheid was steeds so hoog as 10 persent en hoë werkloosheid het waarskynlik permament gelyk (Bron 2A)
- Ander Nuwe Bedeling-projekte het gemengde sukses behaal. (Bron 2A)
- Dit het verskeie probeerslae geneem om die werkprogramme aan die gang te kry. (Bron 2B)
- Daar was ongelykhede (onbillikheid) in werksomstandighede en lone, tesame met wisselende grade van bestuursbekwaamheid. (Bron 2B)
- Industriële herstel is tot ʼn mate deur stakings vertraag. (Bron 2C)
- Baie Nuwe Bedeling–beleide het teenkanting van die sakesektor in die gesig gestaar. (Bron 2D)
- Roosevelt het teenkanting van die Nasionale Sakekamer in die gesig gestaar. (Bron 2D)
- Daar was teenkanting teen die verhoodge belasting. (Bron 2D)
- Die Nuwe Bedeling het lyding verlig, maar kon die ekonomie nie alleen ten volle laat herleef nie (Eie kennis)
- Werkloosheid het nooit gedurende die 1930's tot die vlakke voor die Depressie gedaal nie, dus was herstel slegs gedeeltelik gewees (Eie kennis)
- Die Nuwe Bedeling het nie ver genoeg gegaan om die private belegging of industriële groei te stimuleer nie (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord (6)

Gebruik die volgende rubriek om ʼn punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ʼn elementere wyse bv., toon min of geen begrip van **die mate waain die Nuwe Bedeling suksesvol was in die vermindering van werkloosheid en die stimulering van ekonomiese groei in die VSA gedurende die 1930's.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ʼn paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ʼn groot mate verband met die onderwerp, bv., toon ʼn mate van begrip van **die mate waain die Nuwe Bedeling suksesvol was in die vermindering van werkloosheid en die stimulering van ekonomiese groei in die VSA gedurende die 1930's.**<br>• Gebruik bewyse op ʼn baie basiese manier om ʼn paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. demonstreer ʼn deeglike begrip van die mate waain die Nuwe Bedeling suksesvol was in die vermindering van werkloosheid en die stimulering van ekonomiese groei in die VSA gedurende die 1930's.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf wat ʼn begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 3: HOE HET DIE NUREMBURGSEWETTE BYGEDRAE TOT DIE SKEPPING VAN 'N RASGEBASEERDE NAZI-STAAT?**

3.1 3.1.1 [*Definisie van 'n historiese term uit Bron 3A-V2]*
- Vervolging verwys na die diskriminasie, onderdrukking en geweld wat teen die Jode gerig word deur wette, sosiale uitsluiting en uiteindelik massamoord.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.2 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 3A-V1]*
- "die uitsluiting van Jode uit die openbare lewe" (1 x 2) (2)

3.1.3 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 3A-V1]*
- 'n Aggressiewe boikot van Joodse besighede
- Het begin om anti-Joodse wette in te stel (2 x 1) (2)

3.1.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3A-V2]*
- Nazi's het wette gebruik om rassseskeiding after dwing, met die doel om die Jode nie net sosiaal of polities nie, maar ook biologiese te isoleer.
- Deur diskriminasie as "wettig" te beskou, het die Nazi's hul rassistiese ideologie die voorkoms van wettigheid gegee.
- Deur wetgewing soos die Nuremburgwette te gebruik om huwelike tussen Jode en nie-Jode te voorkom, het hulle uiteiendelik gewerk aan die doelwit van 'n ras-"suiwer" Ariese staat.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.5 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3A-V2]*
- Die Nuremburgwette het die vervolging van ander minderheidsgroepe in Nazi-Duitsland toegelaat
- Die Nuremburgwette is ook op die sigeuners (Roma en Sint) toegepas, wat hul vryheid van beweging verloor het en in kampe geplaas is
- Swart Duitsers is as ras-minderwaardig gemerk, dikwels gesteriliseer en van skole en werk uitgesluit
- Gemengde-ras Duitsers is aan beperkings op huwelik, onderwys en indiensneming onderworpe; baie is gesteriliseer onder rashigiëne-wette
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.2 3.2.1 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 3B-V1]*
- Nuwe wette aangekondig wat baie van die rasse-teorieë wat die Nazi-ideologie onderlê, geinstitusionaliseer het (1 x 2) (2)

3.2.2 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 3B-V1]*
- Swastika (1 x 1) (1)

3.2.3 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3B-V1*]
- Aangaande burgerskap
- Die swastika as die nasionale vlag
- Die wet vir die Beskerming van Duiste Bloed en eer (3 x 1) (3)

3.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3B-V2]*
- Dit het Jode van burgerskap gestroop en hulle buitelanders in hul eie land gemaak
- Hulle het gedefinieër wie Joods was, wat die staat toegelaat het om mense op grond van afkoms te teiken
- Hulle het diskriminasie deur wettige middele geregverdig en vervolging wettig laat lyk
- Hulle het Jode van politieke regte uitgesluit, soos stemreg en die beklee van ampte
- Hulle het huwelike en seksuele verhoudings tussen Jode en nie-Joode verbied en hulle sosiaal geïsoleer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.5 [*Bepaal die Betroubaarheid van Bron 3B-V3*]
**Die bron is betroubaar omdat**:
- Dit is ʼn primêre bron uit die tyd, geskryf deur die Amerikaanse ambassadeur Dodd, wat in Duitsland teenwoordig was en verslag gedoen het van gebeure soos dit plaasgevind het.
- Dit weerspieël die amptelike internasionale reaksie en gee insig in hoe die wette deur buitelandse diplomate verstaan is.
- Dit is betroubaar aangesien dit wys hoe die wette diplomaties waargeneem is en hoe die Nazi-regime dit aan die buitewêreld aangebied het.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 [*Definsie van ʼn historiese term uit Bron 3C-V1]*
- Vyandigheid teenoor of voordeel teen die Joodse volk
- Enige ander relevante anwtoord (1 x 2) (2)

3.3.2 [*Ontrekking van bewyse uit Bron3C-V1*]
- "die uitbarsting van anti-semitiese geweld was ʼn teken aan die Nazi-elite dat anti-Joodse maatreëls verwelkom sou word"
- "ʼn toename in radikalisme nie met enige weerstand begroet sou word nie" (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 
Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron3C-V2]*

- Dit het Jode maklik identifiseerbaar gemaak en hulle aan openbare teistering en geweld blootgestel
- Dit het skaamte en vernedering veroorsaak en hulle ontmoedig om in die openbaar te verskyn
- Dit het gelei tot sosiale uitsluiting, aangesien ander hulle vermy of geweier het om met hulle te kommunikeer
- Jode kon nie vervolging ontsnap nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron3C-V2*]

- Die Nazi's het wette gebruik om rassisme en diskrimansie afgedwing, eerder as om regte te beskerm
- Die regstelsel het onskuldige mense, veral Jode, vir hul identiteit gestraf
- Die Howe en polise het Nazi-doelwitte gedien en vrees in plaas van geregtigheid versprei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3.5 [*Interpretasie van bewyse uit Bron3C-V2*]

- Die besluit om die Jode uit te roei was nie lukraak nie – dit was 'n doelbewuste, georganiseerde beleid van massamoord gedryf deur Nazi-ideologie
- Dit weerspieël die uiterste brutalitiet en rassisme van die Nazi-regime
- Dit het gelei tot die volksmoord van ses miljoen Jode tydens die Holocaust/Jodemoord
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron3D-V2*]

- Om Jode in Nazi-Duitsland wettiglik te identifiseer
- Om die regte van Jode te beperk
- Om die beweging van Jode te beheer of te beperk
- Om rassewette af te dwing en Joodse individue op te spoor
- Om Nazi-amptenare te help om Jode uit die openbare lewe uit te sluit
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron3D-V2*]

- Die Nuremburgwette het gedefinieër wie Joods was en Jode van regte ontneem
- Hierdie ID toon dat Jode amptelik geregistreer was
- Die dokument is bewys dat die Nuremburgwette tot 'n stelsel van konstante toesig gelei het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.5 [*Vergelyking van bewyse uit Brone 3B en Bron 3C om ooreenkomste vas te stel-V3]*

- Bron **3B** meld hoe die Nuremburgwette Joodse regte wettiglik verwyder en rassediskriminasie geinstitusionaliseer het. Bron **3C** ondersteun dit deur te wys hoe wette gebruik is om Jode uit die openbare lewe uit te sluit en geweld te regverdig.
- Bron **3B** meld hoe die Jode van burgerskap gestroop is en van verhoudings met Duitsers verban is. Bron **3C** ondersteun dit deur te sê dat Jode armband moes dra om hulle sigbaar te merk en te isoleer, wat sosiale skeiding versterk het.
- Bron **3B** toon dat anti-semitiese oortuigings wyd aanvaar is deur wettige steun. Bron **3C** bevestig dat hierdie aanvaardiging Nazi-instellings toegelaat het om wette af te dwing met min tot geen openbare weerstand nie.
- Bron **3B** meld dat rassewette die grondslag gelê het vir vervolging. Bron **3C** verbind hierdie vervolging direk met die “Finale Oplossing” – die beplande uitwissing van die Jode.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.6 [*Interpretasie, evaluaering en sintese uit relevante bronne-V3]*

- Jode is uit die openbare lewe uitgesluit (Bron 3A)
- Anti-Jodse wette is ingestel (Bron 3A)
- Nazi-beleid was nie net op Jode gemik nie (Bron 3A)
- Wette is aangeneem om mense wat as “aangebore” siek beskou is, met geweld te steriliser (Bron 3A)
- Die Nuremburgwette het Jode hul burgerskapsregte ontsê
- Die Nuremburgwette is na ‘Sigeuners’ uitgebrei (Bron 3A)
- Die Nuremburgwette het die wettige vervolging van Jode in Duitsland toegelaat (Bron 3B)
- Wette het huwelike en “buite-egtelike seksuele omgang” tussen Jode en ander Duitsers verbied (Bron 3B)
- Jode is verbied om die Duitse vlag te vlieg (Born 3B)
- Die wette wat voorsien is, het spesifieke definisies gegee van wie ŉ Jood is (Bron 3B)
- Jode is gedwing om ŉ geel Ster van Dawid te dra (Bron 3C)
- Wette het die Nazi’s toegelaat om hul eie burgers aan te val (Bron 3B)
- Het gelei tot die Finale Oplossing (Bron 3C)
- Jode is gedwing om identiteitskaarte te dra sodat hulle maklik geïdentifiseer kon word (Bron 3D)
- Dit het toegelaat dat hulle wettiglik vervolg kon word (Bron 3D)
- Die Nuremburgwette het wettiglik gedefinieër wie as Joods beskou is op grond van afkoms, nie godsdiens nie
- Hierdie wette het Jode van Duitse burgerskap ontneem, wat hulle buitelanders in hul eie land gemaak het (Eie kennis)
- Hierdie rasseskeiding het Jode in tweedeklas inwoners verander en die Nazi-staat toegelaat om hulle van wettige regte en beskerming te ontsê, wat die rassehiëragie versterk het. (Eie kennis)
- Die Nuremburgwette het alledaagse rassisme aangemoedig deur anti-semitiese gedrag wettig te maak. (Eie kennis)

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

- Die wette het 'n wettige basis vir verdere vervolging, gebied wat uiteindelik tot ghetto's, deportasies en die Holocauste gelei het (Eie kennis).
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementere wyse, bv., toon min of geen begrip van **hoe die Nuremburgwette bygedra het tot die skepping 'n rasbegaseerde Nazi–staat.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv., toon 'n mate van begrip **hoe die Nuremburgwette bygedra het tot die skepping 'n rasbegaseerde Nazi-staat.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier. | **PUNTE 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv., demonstreer 'n deeglike begrip van **hoe die Nuremburgwette bygedra het tot die skepping 'n rasbegaseerde Nazi-staat.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon | **PUNTE 5–6** |

(6)
**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900–1940: GEVALLESTUDIE – STALIN SE VYFJAARPLANNE

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analise en interpretatiewe vaardighede te gebruik gebaseer op relevante bewyse.]*

**SYNOPSIS**

Kandidate moet ŉ duidelike standpunt oor die stelling inneem – byvoorbeeld, **stem saam dat Stalin se Vyfjaarplanne instrumenteel was in die transformasie van Rusland se ekonomie, en beklemtoon dat hoewel daar wel vordering gemaak is, dit teen ŉ beduidende menslike en ekonomiese koste gekom het**. Die inleiding moet kortliks die hoogtepunte uiteensit wat die kandidate sal gebruik om hul argument te ondersteun

**HOOFASPEKTE**

**INLEIDING:** Kandidate moet die impak van Josef Satlin se Vyfjaarplanne op die transformasie van Rusland van ŉ agterlike, gedeeltelik Middeleeuse ekonomie na ŉ moderne industriële ekonomie, krities bespreek.

**UITBREIDING:**
- **Stalin se verwerping van die NEB:**
- Die Nuwe Ekonomiese Beleid (NEB), wat deur Lenin bekend gestel is, is deur Stalin as ideologies teenstrydig met kommunistiese beginsels beskou.
- Stalin het geglo dat die NEB kapitalisme aangemoedig het en industriële ontwikkeling vertraag het.
- In 1928 het Stalin die NEB afgeskaf en dit vervang met ŉ bevel-ekonomie wat deur gesentraliseerde staatsbeplanning gerig word.
- **Doelwitte van die Vyfjaarplanne:**
- Stalin het ten doel gehad om die USSR vinnig te industrialiseër, afhanklikheid van buitelandse tegnologie te verminder en voor te berei vir potensiële militêre konflikte.
- Het daarna gestreef om die USSR selfonderhoudend en internasionaal mededingend te maak.
- **Rol van Gosplan:**
- Gosplan, die Staatsbeplanningskommitee, was verantwoordelik vir die bepaling van produksieteikens, die toewysing van produksieteikens, die toewysing van hulpbronne en die koördinering van ekonomiese beplanning.
- Het ŉ sleutelrol gespeel in die implementering en monitering van die Vyfjaarplanne.
- **Eerste Vyfjaarplan (1928–1932):**
- Fokus: Swaar nywerheid en infrastruktuur
- Propaganda is gebruik om die werkers te inspireer
- Fabrieke wat volgens staatskwotastelsels vervaardig is

Kopiereg voorbehou 
Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- **Prestasies**:
  - Vinnige industriële uitbreiding: meer as 1 500 fabrieke gebou, insluitend trekkerfabrieke (Stalingrad) en motorvoertuigaanlegte (Moskou)
  - Groot toenames in die produksie van steenkool, yster, staal en elektristeit (hidroëlektriese projekte – Dnieperdam)
  - Uitbreiding van vervoerinfrastruktuur (spoorweë, kanale)
  - Verpligte onderwys het geskoolde werksmag geskep
- **Tekortkominge:**
  - Verwaarlosing van verbuikersgoedere het gelei tot tekorte en swak lewensomstandigehede.
  - Onrealistiese teikens het gelei tot vervalsing van statistieke en ondoeltreffenhede.
- **Kollektivisering:**
- Stalin se kollektiviseringsveldtog het gepoog om kleinboere plase in groot, staatsbeheerde eenhede te konsolideer.
- Weerstand van Koellakke (ryker boere) het gelei tot harde onderdrukking en massa deportasies.
- Kollektivisering het veroorsaak:
  - ŉ Drastiese daling in landbouproduksie
  - Ernstige hongersnood (veral in Oekraïne), wat gelei het tot die dood van 2 miljoen mense.
- Aanhoudende tekorte aan vleis, suiwel en graan
- **Tweede Vyfjaarplanne (1933–1937):**
- Voorgesette klem op swaar nywerheid, maar verhoogde fokus op verbruikersgoedere en die verbetering van lewenstandaarde
- Vervoerstelsels gemoderniseer – uitgebreide spoorweë en verbeterde logistiek
- Aanpassings aan kollektiewe boerdery: boere toegelaat om surplus produkte te hou nadat hulle staatskwotas nagekom het
- Invoering van staatsplase (sovkhozes), wat soos fabrieke met betaalde lone bedryf is
- Gebruik van kunsmis, moderne masjinerie en verbeterde boerderytegnieke om landbouproduktiwiteit te verhoog
- ŉ Mate van ekonomiese stabilisering het plaasgevind, maar werkeropofferings was steeds beduidend (lang ure, lae lone, streng dissipline)
- **Derde Vyfjaarplan (1938–1941):**
- Toenemend gefokus op militêre produksie as gevolg van die bedreiging van die Tweede Wêreldoorlog
- Voorgesette uitbreiding van swaar nywerheid, maar verbruikersgoedere produksie het weer gestagneer
- Plan ontwrig deur Duitse inval in 1941, maar het die grondslag vir die USSR se oorlogstydse ekonomie gelê
- **IMPAK OP DIE EKONOMIE:**
- **Positiewe Uitkomste:**
- Die USSR het binne ŉ dekade ŉ belagrike nywersheidsmag geword
- Groot vooruitgang in infrastruktuur en swaar nywerheid
- Verbeterde staatsbeheer oor die ekonomie en werksmag
- **Negatiewe Uitkomste:**
- Massiewe menslike koste: dwangaarbeid, hongersnood en suiwerings

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- Swak lewensgehalte vir gewone burgers as gevolg van die verwaarlosing van verbuikersbehoeftes
- Landbouproduksie het onbestendig gebly, met herhalende tekorte
- Stalin se outoritêre beheer tot ekonomiese ondoeltreffendhede en vreesgedrewe produktiwitiet
- Enige ander relevante antwoord

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA 1900–1940: IMPAK VAN EN REAKSIES OP DIE KRISIS VAN KAPITALISME.**

[*Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analise en interpretatiewe vaardighede te gebruik gebaseer op relevante bewyse*.]

**SYNOPSIS**
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie met die stelling dat die Groot Depressie 'n verwoestende ekonomiese en sosiale impak op die burgers van die Verenigde Sate van Aerika gehad het. Kandidate moet historiese bewyse gebruik om hul argument te staaf.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui of hulle met die stelling saamstem of nie. Hulle moet ook aandui hoe hulle van plan is om hul argument te staaf.

**UITBREIDING**
- **Ekonomiese Impak:**
- **Aandelemark ineenstorting:** (1929): Die ineenstorting van die aandelemark het die begin van die Depressie gemerk. Paniekverkope het veroorsaak dat die waarde van aandele gedaal het, wat miljarde dollars in welvaart uitgewis het.
- **Bank Mislukkings:** Duisende banke regoor die VSA het ineengestort toe mense gehaas het om hul spaargeld te onttrek. Sonder federale versekering het baie al hul geld verloor.
- **Besigheidsluitings:** Met min verbruikersbesteding en geen toegang tot krediet nie, het besighede vinnig misluk. Dit het gelei tot wydverspreide afleggings en groot ekonomiese agteruitgang.
- **Massa werkloosheid:** Teen 1933 was meer as 13 miljoen Amerikaners–ongeveer 25% van die arbeidsmag – werkloos. Daar was destyds geen staats-of federale werkloosheidvoordele nie.
- **Ineenstorting van die Landbousektor:**
- **Oorproduksie en dalende pryse:** Boere het reeds in die 1920's gesukkel. Toe die vraag gedaal het, het gewaspryse so laag gedaal dat baie nie die oes of verkoop van hul produkte kon bekostig nie.
- **"Dust Bowl"/Stofkom:** Swak landboupraktyke en 'n ernstige droogte gedurende die vroee 1930's het die Stofkom in state soos Oklahoma, Kansas en Texas geskep. Plase is vernietig.
- Duisende boere het weswaarts gemigreer/getrek op soek na werk.
- Dit skep groter mededinging vir werk in dorpe en stede skep
- **Skuld en Beslaglegging:** Boere wat lenings gedurende beter tye geneem het, het nou in gebreke gebly (versuim on te betaal). Banke het eiendomme gekonfiskeer, wat baie gedwing het om hul grond te verlaat.
- Pryse van goedere en dienste het dramaties gedaal, wat die ekonomiese agteruitgang vereger het.

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**Sosiale Impak:**

- **Wydverspreide Armoede:** Miljoene Amerikaners het huise, werk en toegang tot basiese noodsaaklikhede verloor.
- Wanvoeding en honger was algemeen, veral onder kinders.
- **Dakloosheid en Hoovervilles:**
  - Baie mense het dakloos geword en plakkerdorpies gebou, bekend as "Hoovervilles", na President Hoover, wat vir die krisis blameer is.
  - Hierdie informele nedersettings het in parke, leë erwe en stadsbuitewyke regoor die land ontstaan.
- **Geestesgesondheid en Wanhoop:**
  - Die hopeloosheid van die situasie het gelei tot 'n beduidende toename in geestesongesteldheid en selfmoordsyfers.
  - Gesinne het uitmekaar geval onder die druk van finasiële probleme.
  - Baie mans het eenvoudig hul gesinne verlaat omdat hulle gevoel het dat hulle nie vir hulle kon sosrg nie.

**Geen Maatskaplike Sekuriteit:**

- Geen formele welsynstelsels, werkloosheidsvoordele of voedselbystand van die regering nie.
- Mense het op private liefdadigheidsorganisasies en sopkombuise staatgemaak.
- Afro-Amerikaners, wat reeds rassediskriminasie in die gesig gestaar het, was dikwels die "laas aangestel eerste afgedank".
- Enige ander relevante antwoord

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking afsluit. **[50]**



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 6: IDEES OOR RAS IN DIE 19DE EN 20STE EEUE: GEVALLESTUDIE – HITLER EN DIE JODE

[*Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analise en interpretatiewe vaardighede te gebruik gebaseer op relevante bewyse*.]

**SINOPSIS**
In die skryf van hierdie opstel moet kandidate die mate bepaal waarin die Nazi-regime eugenetika en sosiale Darwanisme gebruik het om beleide teen Jode en ander sogenaamde 'ongewenstes' tussen 1933 en 1945 te regverdig en te implementeer.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit

**Inleiding:**
Kandidate moet ŉ standpunt inneem en aandui in watter mate die Nazi-regime eugenetika en sosiale Darwinsime gebruik het om beleide teen Jode en ander sogenaamde 'ongewenstes' tussen 1933 en 1945 te regverdig en te implementer. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**UITBREIDING**
- **Hitler se Diktatorskap en Nazi-ideologie**
- Hitler en die Nazi-party het ŉ totalitêre regime bevorder.
- Sentraal tot die Nazi–ideologie was die geloof in die rasse–meerderwaardigheid van die Ariese Ras (Herrenvolk).
- Hitler het ten doel gehad om ŉ rasse–'suiwer' Duitsland te skep.
- **Propaganda en Rasse-Meerderwaardigheid**
- Uitgebreide gebruik van propaganda om Ariërs te verheerlik en ander te demoniseer
- Het die idee van die 'suiwer' Ariese ras as superieur/meerderwaardig bo alle ander bevorder
- Duiste kinders is geleer om Jode te identifiseer (Giftige Sampioen)
- **Eugenetika en Rassebeleid**
- Nazi–ras–idees was op eugenetika en sosiale Darwanisme gegrond.
- Beleide wat daarop gemik was om die genetiese kwalitiet van die Duitse bevolking te verbeter
- Het sogenaamde 'ongeskiktes' vir sterilisasie, vervolging of eliminasie geteiken
- **Anti-Semitisme in Nazi-Duitsland**
- Jode is blameer vir Duitsland se ekonomiese, politieke en sosiale probleme
- Hitler is vasbeslote om alle Jode uit Duitsland uit te skakel
- Anti–semitiese beleid was sentraal tot Nazi–bewind
- **Boikot van Joodse Besighede** – Vroeë ekonomiese aanval op Jode
- Jode is verban van openbare plekke en die staatsdiens
- Joodse kinders is verban van Duitse skole
- **Nag van Gebreekte Glas (Kristallnacht)** – Landwye geweldadige aanvalle op Joodse huise, besighede en sinagoges
- **Nuremburgwette** – Het Jode van burgerskap ontneem, huwelike tussen Jode en Ariërs verbied
- Rasse–stereotipering en sondebok–stelling is gebruik om uitsluiting en geweld te regverdig


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- **Vervolging van ander Nie-Ariërs**
- **Roma en die Sinti-mense (Sigeuners):**
  - Beskuldig van gewoontemisdadgers
  - Verbied om met Ariërs te trou
  - Gedeporteer na ghetto's en konsentrasiekampe waar baie van honger gesterf het of doogemaak is
- **Donkervellige Duitsers:**
  - Veral kindes van gemengde ras-ouers, genoem "Rynland-basters"
  - Slagoffers van gedwonge sterilisasie en rassediskriminasie
- **Jehovah-Getuies:**
  - Het geweier om lojaliteit aan die Nazi staat of deelname aan miltêre diens te betoon
  - Het kinders nie toegelaat om aan Nazi-saamtrekke deel te neem nie
  - Gevange geneem of na konsentrasiekampe gestuur
- **Homoseksuele:**
  - Beskou as 'n bedreiging vir die Nazi-ideale van voortplanting en Ariese suiwerheid
  - Geteiken deur 'n spesiale Gestapo-eenhied.
  - Het kastrasie, gevangenisstraf of die dood in konsentrasiekampe in die gesig gestaar
- **Die "Finale Oplossing"**
- Die sistematiese plan om die Joodse bevolking van Europa uit te roei
- Implementering van volksmoord deur massaskietery, gaskamers en dwangarbeid
- Nazi-beleid van 1935 tot 1945 was diep gewortel in eugenetika en sosiale Darwanisme
- Hierdie ideologieë is gebruik om wydverspreide vervolging en volksmoord van Jode en ander sogenaamde 'ongewenstes" te regverdig
- Enige ander relevante antwoord

**Gevolgtrekking**: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking afsluit. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**